**No. R. 984** **13 May 1983**

## REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF ONIONS INTENDED FOR SALE IN CERTAIN AREAS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

### SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1268 of 19 June 1981.

2. Regulation 4 of the regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) Any person who feels aggrieved as a result of any decision or action taken by an inspector, may appeal against such decision or action by submitting a written notice of appeal to an inspector within 24 hours after he has been notified of that decision or action and depositing within the said period with an inspector or at any office of the Division of Agricultural Product Standards of the Department, a deposit of R28: Provided that a separate deposit shall be deposited in respect of each seperate consignment and provided further that if the notice of appeal and the deposit are not submitted and deposited within the prescribed period of 24 hours, the appellant shall lose his right of appeal in terms of this regulation.".

3. This notice shall come into operation on date of publication.

**No. R. 984** **13 Mei 1983**

## REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKING EN MERK VAN UIE BESTEM VIR VERKOOP IN SEKERE GEBIEDE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit gemaak.

### BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1268 van 19 Junie 1981.

2. Regulasie 4 van die regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Enige persoon wat hom deur 'n beslissing of optrede van 'n inspekteur veronreg ag, mag appèl aanteken teen sodanige beslissing of optrede deur binne 24 uur nadat hy van daardie beslissing of optrede in kennis gestel is, 'n geskrewe kennisgewing van appèl by 'n inspekteur in te dien, en binne genoemde tydperk by die inspekteur, of by enige kantoor van die Afdeling Landbouprodukstandaarde van die Departement, 'n deposito van R28 te deponeer: Met dien verstande dat 'n afsonderlike deposito gedeponeer moet word ten opsigte van elke afsonderlike besending en met dien verstande verder dat indien die kennisgewing van appèl en die deposito nie binne die voorgeskrewe tydperk van 24 uur ingedien en gedeponeer word nie, die appellant sy reg van appèl ingevolge hierdie regulasie verbeur.".

3. Hierdie kennisgewing tree in werking op datum van publikasie.

**No. R. 985** **13 May 1983**

## REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF POTATOES INTENDED FOR SALE IN CERTAIN AREAS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

### SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 2119 of 1 October 1982.

2. Regulation 4 of the regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) Any person who feels aggrieved as a result of any decision or action taken by an inspector, may appeal against such decision or action by submitting a written notice of appeal to an inspector within 24 hours after he has been notified of that decision or action and depositing within the said period within an inspector or at any office of the Division of Agricultural Product Standards of the Department, a deposit of R23: Provided that a separate deposit shall be deposited in respect of each separate consignment and provided further that if the notice of appeal and the deposit are not submitted and deposited within the prescribed period of 24 hours, the appellant shall lose his right of appeal in terms of this regulation.".

3. This notice shall come into operation on date of publication.

**No. R. 985** **13 Mei 1983**

## REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN AARTAPPELS BESTEM VIR VERKOOP IN SEKERE GEBIEDE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit gemaak.

### BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2119 van 1 Oktober 1982.

2. Regulasie 4 van die regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Enige persoon wat hom deur 'n beslissing of optrede van 'n inspekteur veronreg ag, mag appèl aanteken teen sodanige beslissing of optrede deur binne 24 uur nadat hy van daardie beslissing of optrede in kennis gestel is, 'n geskrewe kennisgewing van appèl by 'n inspekteur in te dien, en binne genoemde tydperk by die inspekteur, of by enige kantoor van die Afdeling Landbouprodukstandaarde van die Departement, 'n deposito van R23 te deponeer: met dien verstande dat 'n afsonderlike deposito gedeponeer moet word ten opsigte van elke afsonderlike besending en met dien verstande verder dat indien die kennisgewing van appèl en die deposito nie binne die voorgeskrewe tydperk van 24 uur ingedien en gedeponeer word nie, die appellant sy reg van appèl ingevolge hierdie regulasie verbeur.".

3. Hierdie kennisgewing tree in werking op datum van publikasie.

No. R. 115, 1981

**PROHIBITION OF THE SALE OF ONIONS IN CERTAIN AREAS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA UNLESS GRADED, PACKED AND MARKED IN A MANNER PRESCRIBED BY REGULATION**

1. By virtue of the powers vested in me by section 84 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I hereby declare that the sale by any person of onions in Area A and grade-marked onions in Area B be forbidden—

(a) unless such onions are sold according to the classes prescribed by regulation under section 89 of the said Act, namely Class 1, Class 2 and Lowest Class;

(b) unless such onions are packed in a container and in a manner so prescribed;

(c) unless such onions are marked with particulars and in a manner so prescribed;

(d) if such onions contain a substance so prescribed as a substance which they may not contain;

(e) if such onions are packed in a container or in a manner so prescribed as a container in which or a manner in which they may not be packed;

(f) if such onions are marked with particulars or in a manner so prescribed as particulars with which or a manner in which they may not be marked.

2. Furthermore I declare by virtue of the said section of the said Act that—

(a) the requirements of this Proclamation shall not apply to onions in respect of which the Director of Inspection Services of the Department has approved in writing that, subject to conditions determined by him, they be sold as an experiment, and in respect of which such conditions have been complied with;

(b) Proclamation R. 75 of 1973 is hereby repealed.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fourth day of June, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. T. C. DU PLESSIS.

SCHEDULE

In this Proclamation, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), shall have a corresponding meaning, and—

"Area A" means any one or more of the following areas, and *mutatis mutandis*, as it may from time to time be altered in extent, status or name:

(a) Natal area, i.e. the area comprising the Magisterial Districts of Durban, Inanda, Pietermaritzburg, Pinetown and Umlazi;

(b) Northern Cape area, i.e. the area comprising the Magisterial District of Kimberley;

(c) Eastern Cape area, i.e. the area comprising the Magisterial Districts of East London, Port Elizabeth and Uitenhage;

(d) Orange Free State area, i.e. the area comprising the Magisterial Districts of Bloemfontein, Odendaalsrus, Virginia and Welkom;

No. R. 115, 1981

**VERBOD OP DIE VERKOOP VAN UIE IN SEKERE GEBIEDE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TENSY DIT OP 'N BY REGULASIE VOORGESKREWE WYSE GEGRADEER, VERPAK EN GEMERK IS**

1. Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 84 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), verklaar ek hierby dat die verkoop deur enigiemand van uie in Gebied A en gegraadmerkte uie in Gebied B verbied word—

(a) tensy sodanige uie verkoop word volgens die klasse voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 89 van die genoemde Wet, naamlik Klas 1, Klas 2 en Laagste Klas;

(b) tensy sodanige uie verpak is in 'n houer en op 'n wyse aldus voorgeskryf;

(c) tensy sodanige uie gemerk is met besonderhede en op 'n wyse aldus voorgeskryf;

(d) indien sodanige uie 'n stof bevat wat aldus voorgeskryf is as 'n stof wat dit nie mag bevat nie;

(e) indien sodanige uie in 'n houer of op 'n wyse verpak is wat aldus voorgeskryf is as 'n houer waarin of 'n wyse waarop dit nie verpak mag word nie;

(f) indien sodanige uie met besonderhede of op 'n wyse gemerk is wat aldus voorgeskryf is as besonderhede waarmee of 'n wyse waarop dit nie gemerk mag word nie.

2. Voorts verklaar ek kragtens die genoemde artikel van genoemde Wet dat—

(a) die bepalings van hierdie Proklamasie nie van toepassing sal wees nie op uie ten opsigte waarvan die Direkteur van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement skriftelik goedgekeur het dat dit by wyse van 'n proefneming verkoop word onderworpe aan die voorwaardes deur hom bepaal, en ten opsigte waarvan sodanige voorwaardes nagekom is;

(b) Proklamasie R. 75 van 1973 hierby herroep word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vierde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. T. C. DU PLESSIS.

BYLAE

In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking, waaraan in die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"Direkteur van Inspeksiedienste" die Direkteur van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement van Landbou en Visserye;

"Gebied A" enige een of meer van die volgende gebiede, en *mutatis mutandis*, soos dit van tyd tot tyd in omvang, status of naam verander mag word:

(a) Natal-gebied, dit is die gebied bestaande uit die landdrosdistrikte Durban, Inanda, Pietermaritzburg, Pinetown en Umlazi;

(b) Noord-Kaapland-gebied, dit is die gebied bestaande uit die landdrosdistrik Kimberley;

(c) Oos-Kaapland-gebied, dit is die gebied bestaande uit die landdrosdistrikte Oos-Londen, Port Elizabeth en Uitenhage;

(e) Transvaal area, i.e. the area comprising the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verwoerdburg and Westonaria;

(f) Western Cape area, i.e. the area comprising the Magisterial Districts of Bellville, The Cape, Simonstown, Stellenbosch and Wynberg;

"Area B" means all areas other than areas under Area A but not including the Territory;

"Director of Inspection Services" means the Director of the Division of Inspection Services of the Department of Agriculture and Fisheries;

"grade-marked onions" means onions on which or in the proximity of which a grade or class designation appears;

"onions" means the bulb of the plant *Allium cepa*, excluding onions intended for processing in a factory.

(d) Oranje-Vrystaat-gebied, dit is die gebied bestaa uit die landdrosdistrikte Bloemfontein, Odendaals Virginia en Welkom;

(e) Transvaal-gebied, dit is die gebied bestaande die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksb Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Pa Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfont Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereenig Verwoerdburg en Westonaria;

(f) Wes-Kaapland-gebied, dit is die gebied bestaa uit die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Simons Stellenbosch en Wynberg;

"Gebied B" alle gebiede anders as Gebied A maar ook die Gebied nie;

"gegraadmerkte uie" uie waarop of waarby 'n gra of klas-aanduiding verskyn;

"ui" die bol van die plant *Allium cepa* uitgesond uie bestem vir verwerking in 'n fabriek.

**No. R. 2858** **29 Desember 1989**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET No. 59 VAN 1968)

VERBOD OP DIE VERKOOP VAN UIE IN SEKERE GEBIEDE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA TENSY DIT OP 'N BY REGULASIE VOORGESKREWE WYSE GEGRADEER, VERPAK EN GEMERK IS.—WYSIGING

Ek, Jacob de Villiers, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 84 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet No. 59 van 1968), wysig hierby Proklamasie No. R. 115 van 1981 deur paragraaf (e) van die Bylae daarvan deur die volgende paragraaf te vervang:

> "(e) *Transvaal-gebied,* dit is die gebied bestaande uit die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verwoerdburg, Westonaria en Wonderboom, en die regsgebied van die Munisipaliteit van Witbank;".

J. DE VILLIERS,
Minister van Landbou.

**No. R. 2858** **29 December 1989**

MARKETING ACT, 1968 (ACT No. 59 OF 1968)

PROHIBITION OF THE SALE OF ONIONS IN CERTAIN AREAS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA UNLESS GRADED, PACKED AND MARKED IN A MANNER PRESCRIBED BY REGULATIONS.—AMENDMENT

I, Jacob de Villiers, Minister of Agriculture, acting under section 84 of the Marketing Act, 1968 (Act No. 59 of 1968) hereby amend Proclamation No. R. 115 of 1981 by the substitution for paragraph (e) of the Schedule thereof of the following paragraph:

> "(e) *Transvaal area,* i.e. the area comprising the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verwoerdburg, Westonaria and Wonderboom, and the area of jurisdiction of the Municipality of Witbank;".

J. DE VILLIERS,
Minister of Agriculture.